

**SONDAG 48**

**VRAAG EN ANTWOORD: 123**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<b>Vraag: Wat is die tweede bede?</b>			
Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.	1	Psalm 119:5 Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!	As ek tog maar net op 'n vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte kan hou!
		Psalm 143:10 Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.	Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei.
		Matteus 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.	Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
Bewaar u kerk en laat dit groei.	2	Psalm 51:20 Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op.	Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem.
		Psalm 122:6-7 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe! Mag daar vrede wees in jou skanse, rus in jou paleise!	Bid dat Jerusalem vrede mag hê, dat hulle wat hom liefhet, rustig mag woon. Mag daar vrede wees binne jou mure, rus in jou wonings.
Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word,	3	Romeine 16:20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.	God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter. Die genade van ons Here Jesus is by julle!
		1 Johannes 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.	wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.
totdat die volkomenheid van u ryk kom	4	Romeine 8:22-23 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.	Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry.
		Openbaring 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!	Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus!
waarin U alles in almal sal wees.	5	1 Korintiërs 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.	Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.